**PROKLAMASIE NO. R. 18 VAN 2016**

**van die**
**PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA**

**WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996 (WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID EN SPESIALE TRIBUNAAL**

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as die "Wet"), gemaak is in verband met die aangeleenthede van die Departement van Korrektiewe Dienste (hierna na verwys as "die Departement");

EN AANGESIEN die Departement moontlike verliese gely het wat verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleenthede in die Bylae vermeld, ten opsigte van die Departement, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleenthede, dit die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—

(*a*) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van die Departement;
(*b*) onbehoorlike of onregmatige optrede deur werknemers of beamptes van die Departement;
(*c*) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;
(*d*) onwettige, onreëlmatige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
(*e*) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;
(*f*) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe in verband met die sake van die Departement gepleeg is; of
(*g*) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

wat plaasgevind het tussen 1 June 2011 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 1 June 2011 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekeenheid toegewys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Departement gely is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria op hede die Dertigste dag van Maart Twee duisend-en-sestien.

**J G Zuma**
**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**T M Masutha**
**Minister van die Kabinet**

## BYLAE

1. Onreëlmatighede in die aanskaffing van 'n elektroniese moniteringstelsel deur die Departement ingevolge botte HK 07/2011, HO 06/2013 en HO 01/2014 en betalings wat in verband daarmee gemaak is op ‘n wyse wat—

(*a*) nie regverdig, billik, deursigtig, mededingend, of koste-effektief was nie; of

(*b*) strydig was met toepaslike —

 (i) wetgewing;

 (ii) handleidings, riglyne, omsendbriewe, praktyknotas of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie uitgevaardig is; of

 (iii) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Departement van toepassing is;

(*c*) gedoen was deur of gefasiliteer was deur die onbehoorlike optrede van—

 (i) werknemers of beamptes van die Departement; of

 (ii) enige ander persoon of entiteit,

 om hulself of andere op 'n korrupte of onbehoorlike wyse te bevoordeel; of

(*d*) bedrieglik was,

en enige verwante ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilde uitgawes wat deur die Departement aangegaan is.

2. Die verlenging van die kontrak wat toegeken is kragtens bod HK 07/201 en betalings wat in verband daarmee gemaak is op ‘n wyse wat—

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(*a*) nie regverdig, billik, deursigtig, mededingend, of koste-effektief was nie; of
(*b*) strydig was met toepaslike —
  (i) wetgewing;
  (ii) handleidings, riglyne, omsendbriewe, praktyknotas of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie uitgevaardig is; of
  (iii) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Departement van toepassing is,

en enige verwante ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilde uitgawes wat deur die Departement aangegaan is.

3. Enige wanprestasie of gebrekkige prestasie deur die diensverskaffer deur die Departement aangestel vir die elektroniese moniteringstelsel na verwys in paragraaf 1 van hierdie Bylae.

4. Enige onbehoorlike of onwettige optrede in verband met die bewering soos uiteengesit in paragraaf 1 van hierdie Bylae, deur werknemers of beamptes van die Departement, die betrokke diensverskaffer of enige ander persoon of entiteit.